## 4 Julie - KONINKRYK (3)

*Die koninkryk van God: toegang slegs vir kinders*

**Skrifgedeelte: Matteus 11:2-19**
**Fokusgedeelte: Matteus 11:17**

In elke huis het Pa en Ma normaalweg die seggenskap. Pa en Ma het die verantwoordelikheid om vir die huis te sorg, te voorsien en moet die huis beskerm en bestuur. Dit is wat koninkryk van God beteken: God bestuur (regeer) alle dinge, God voorsien en sorg, en daarom het God in alles die sê. Nogal op 'n besondere manier, naamlik as Vader (Matt 6:26 & 32). God is nie die onbereikbare en ontoeganklike tiran nie, maar deur Christus Vader. En Hy regeer met passie, omgee, ontferming. Die geringes – blindes, lammes, melaatses, dowes, dooies en armes – het 'n spesiale plek in God se hart (vs 4, 5 & 11b).

En in ons harte? Deur 'n gelykenis vertel Jesus die hartseer van dwarstrekkers. Terwyl God deur die begrafnis van Jesus 'n huweliksfees voorberei, wil die kinders nie saamgaan nie. Op die markpleine speel die kinders. Gewoonlik is hulle speel 'n na-apery van wat grootmense doen. Kyk maar hoe die seuns oorlogspeletjies of die dogters pop speel. Wanneer saamgespeel moet word, kry ons dikwels kinderagtige dwarstrekkery. In die koninkryk van God wil God dat ons saamwerk, as 't ware as sy kinders saamspeel sodat sy beheer, sorg en seggenskap deur al meer raakgesien en erken word.

Let op na die hartseer werklikheid. "Ons het vir julle op die fluit gespeel en julle het nie gedans nie. Ons het 'n treurlied gesing en julle het nie gehuil nie." Die manier waarop Johannes die Doper te werk gegaan het, was te negatief, te treurig, te ernstig te wetties. Hierdie begrafnisbenadering pas nie by ons nie. Jesus was weer te ligtelik, te sag, te genadig. Goeiste, Hy eet dan saam met tollenaars en sondaars! Hierdie feestelike benadering kan ons ook nie aanvaar nie.

MAAR die regering van God breek sy pad oop in hierdie wêreld. Al moes God dan die fees voorberei deur die begrafnis van sy Seun. Vir die magtiges en slimmes is dit 'n onsinnigheid (1 Kor 1:25). Vir baie pas dit nie binne hulle sienings van God in nie. God wil egter lewenslustige kinders hê om saam te gaan. Daarom staan bo die koninkryk van God: "Toegang slegs vir kinders."

*Sing: Psalm 4:4 (1936-beryming)* *Ds CA Jansen (Secunda)*